**ALGEMENE INLIGTING**

**NUWE REËLS:**

- **NUWE VOERTUIGBELEID: GEEN VOERTUIE SAL VANAF DONDERDAG 25 FEBRUARIE 2027 OP DIE BIELIEMIELIE-TERREIN TOEGELAAT WORD NIE. OPSTELLING VAN UITSTALLINGS MOET SO GESKIED DAT GEEN VOERTUIE DIE TERREIN DAARNA BINNEKOM NIE. GEEN UITSONDERING SAL GEMAAK WORD NIE.**
- **NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN BIELIEMIELIE SE NUWE BANKBESONDERHEDE.**
- **GEEN KAMPERING SAL OP DIE STAANPLEKKE TOEGELAAT WORD NIE.**

**AANSOEKVORM:**

Indien jou aansoek onsuksesvol was, moet asseblief nie heraansoek doen nie. Die antwoord wat jy ontvang, is finaal. Indien jou aansoek suksesvol was, dien die ondertekende aansoek as 'n bindende ooreenkoms tussen die Bieliemielie en die uitstaller. Om die bespreking te bevestig moet die aansoek volledig ingevul en tesame met jou 50%-deposito teruggestuur word. 'n Afskrif van die ID-dokument van die persoon wat die stalletjie sal beman, asook foto's van jou produk(te), moet die ooreenkoms vergesel.

**OPSTELLING:**

Uitstallers mag hul stalletjies vanaf Woensdag (24/02/2027) om 08:00 begin opstel. Alle uitstallers moet teen Donderdag (25/02/2027) om 12:00 klaar opgestel en gereed wees om handel te dryf. Indien uitstallers teen Dinsdag (23/02/2027) wil begin opstel, moet reëlings vooraf met een van die twee Lezane's getref word. Geen uitstaller mag eers Vrydag (26/02/2027) begin handel dryf of oppak voor Saterdag (27/02/2027) om 20:00 nie. Sekuriteitsdienste sal vanaf Woensdag (24/02/2027) beskikbaar wees.

**OPPAK:**

Uitstallers kan hul stalletjies vanaf Saterdag (27/02/2027) om 20:00 begin oppak, of soos andersins aangedui, maar geen voertuig mag die terrein binnegaan nie. Alle uitstallerstalletjies moet teen Sondag (28/02/2027) on 12:00 volledig opgeruim wees. Geen handel op Sondag nie.

**STRUKTURE:**

Geen tydelike strukture mag oor gangetjies of loopweë strek nie. Uitstallers of hul kontrakteurs is verantwoordelik vir die opruim en verwydering van alle rommel en weggooigoed wat ontstaan tydens die oprigting van 'n staanplek. Tydelike strukture moet veilig wees.

Geen gazebo's/uitstallings mag oor lyne/toegekende spasies gaan nie.

**SKOONMAAK:**

Neem asseblief kennis dat jy verantwoordelik is om jou staanplek netjies en skoon te hou.

**AKKOMMODASIE:**

Besoek die Bieliemielie-webblad vir ’n lys van opsies by https://www.bieliemielie.co.za/index.php/kontak-ons/akkommodasie.

**ELEKTRISITEIT:**

- Alle uitstallers moet hul eie verlengkoorde – van ’n goeie standaard – bring.
- Verseker dat alle verlengkoorde, kragproppe en kragsokke onbeskadig is.
- Verlengkoorde moet sonder enige knope wees om oorverhitting, wat tot kragonderbrekings kan lei, te voorkom.
- Geen oop lasplekke, kabels of bedrading sal toegelaat word nie.
- Geen deurverbinding sal toegelaat word nie.
- Geen oorlading sal toegelaat word nie.
- Indien jou stalletjie afhanklik is van elektrisiteit, bring asseblief jou eie kragopwekker.

**HANDELSURE:**

Die uitstaller sal verplig wees om die uitstal-area te beman en die stalletjie vir die publiek oop te hou vir die volle duur van die gestipuleerde ure.

| | | |
|---|---|---|
| DONDERDAG | 25/02/2027 | 12:00 - 21:00 |
| VRYDAG | 26/02/2027 | 08:00 - 21:00 |
| SATERDAG | 27/02/2027 | 08:00 - 21:00 |

**VOERTUIE:**

**GEEN VOERTUIE WORD OP DIE BIELIEMIELIETERREIN TOEGELAAT VANAF DONDERDAG (25/02/2027) OM 10:00 NIE. OPSTELLING VAN STALLETJIES MOET GESKIED OP ’N WYSE WAT VERSEKER DAT GEEN VOERTUIE DAARNA DIE TERREIN BINNEKOM NIE. GEEN UITSONDERING SAL GEMAAK WORD NIE. VOERTUIE MOET OP DIE AANGEWESE UITSTALLERSPARKEERPLEKKE GEPARKEER WORD. GEEN VOERTUIE MAG OP DIE TERREIN GEPARKEER WORD NIE. VOERTUIE SAL GEKLAMP EN BEBOET WORD.**

**SEKURITEIT:**

Daar sal 24-uur-sekuriteit vanaf Woensdag (24/02/2027) tot Sondag (28/02/2027) wees.

**BEPALINGS EN VOORWAARDES:**
(Neem asseblief kennis van alle bepalings en voorwaardes, waarvan party reeds hierbo bespreek is.)

1. Die aansoekvorm moet voltooi en vir goedkeuring teruggestuur word na uitstallers@bieliemielie.co.za of admin@bieliemielie.co.za. Indien jou aansoek onsuksesvol was, moet asseblief nie heraansoek doen of onderhandel nie. Die antwoord wat jy ontvang, is finaal.

2. Uitstallers sal via e-pos ingelig word of die aansoek suksesvol was. Sodra goedkeuring verkry is, moet 'n 50%-deposito binne een (1) maand vanaf goedkeuring betaal word om die bespreking van jou stalletjie te bevestig. Indien die uitstaller in gebreke bly om die betaling binne een (1) maand vanaf goedkeuring te maak sal die uitstaller die toegekende stalletjie verbeur. **Die balans moet op 15/12/2026 betaal word.** Indien die uitstaller in gebreke bly om die balans te betaal verbeur die uitstaller die toegekende stalletjie sowel as die deposito wat betaal is. Bewys van betaling moet gestuur word na uitstallers@bieliemielie.co.za of admin@bieliemielie.co.za.

3. In die geval van kansellasie word die betaalde deposito verbeur. Indien die uitstaller na 15 Desember 2026 kanselleer, word die volle betaalde bedrag verbeur.

4. Industriële Arena-uitstallers (A1 - 24) sal vier (4) toegangskaartjies ontvang. **NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT GEEN VOERTUIE VANAF DONDERDAG OP DIE PERSEEL MAG RONDBEWEEG NIE. INDIEN ENIGE TOERUSTING VERVOER MOET WORD, MOET DIT OP WOENSDAG GEDOEN WORD. GEEN UITSONDERING SAL GEMAAK WORD NIE.**

5. Industriële Buite-uitstallers (B1 - 20), algemene uitstallers buite (U1 – 70 en UU1 - 20) en algemene uistallers binne sal twee (2) toegangskaartjies ontvang

6. **GEEN VOERTUIE WORD VANAF DONDERDAG (24/02/2027) OM 10:00 OP DIE BIELIEMIELIE-TERREIN TOEGELAAT NIE. OPSTELLING MOET SO GESKIED DAT VERSEKER WORD DAT GEEN VOERTUIE DAARNA DIE TERREIN BINNEKOM NIE. GEEN UITSONDERING SAL GEMAAK WORD NIE. VOERTUIE MOET OP DIE AANGEWESE UITSTALLERSPARKEERPLEKKE GEPARKEER WORD. GEEN VOERTUIG MAG OP DIE TERREIN PARKEER NIE. VOERTUIE SAL GEKLAMP EN BEBOET WORD.**

7. Uitstallers kan hul stalletjies vanaf Woensdag (24/02/2027) om 08:00 begin oprig. Alle uitstallers moet opgestel en gereed wees om teen 12:00 op Donderdag (25/02/2027) te begin handel dryf. Indien uitstallers op Dinsdag (23/02/2027) wil begin opstel, kan hulle vooraf met Lezane/Lezane reëlings tref. Geen uitstaller mag eers van Vrydag (26/02/2027) af begin handel dryf of voor Saterdag (27/02/2027) om 20:00 oppak nie. Sekuriteitsdienste is van Woensdag (24/02/2027) af beskikbaar.

8. Stalletjies sal daagliks vanaf die opening van die hekke tot en met 21:00 handel dryf, tensy anders vermeld.

9. Geen stalletjie mag gedeel word nie en geen ongemagtigde toegang word toegelaat nie. Indien die uitstaller die terrein sonder goedkeuring vanaf die komitee betree, sal hulle van die perseel verwyder word en nie toegelaat word om verder aan die fees deel te neem nie.

10. **GEEN kampering op die staanplek word toegelaat nie.**

11. Uitstallers kan hul stalletjies op Saterdag (27/02/2027) om 20:00 begin oppak tensy anders vermeld, maar geen voertuig mag die terrein binnekom nie. Alle uitstallerstalletjies moet teen Sondag (28/02/2027) om 12:00 opgepak en opgeruim wees. Geen handel word op Sondag toegelaat nie.

12. Alle uitstallers is daarvoor verantwoordelik om die omgewing in en om hul stalletjies skoon en netjies te hou.

13. **Bring eie verlengkoorde,** wat van ’n goeie standaard is. Maak seker dat alle koorde, kragproppe en kragsokke onbeskadig is. Verlengkoorde moet geen knope in hê nie om oorverhitting, wat tot kragonderbrekings kan lei, te verhoed.

14. **Indien jou stalletjie afhanklik is van elektrisiteit, bring asseblief jou eie kragopwekker.**

15. Verseker asseblief dat jy ’n brandblusser en alle ander toepaslike toerusting het om jou en ander stalletjiehouers se veiligheid te verseker.

16. **Geen BB-gewere, rookbomme, lasergewere, klappers of enige ander gevaarlike produkte mag in jou besit wees of verkoop word nie. Dit sal gekonfiskeer word en ’n R10 000-boete sal uitgereik word.**

17. Geen uitstaller in die uitstalling-area of op die hele Bieliemielie-terrein het toestemming om alkohol te verkoop nie. Die arena-staanplekke mag drank net binne-in hul staanplek bedien, maar geen persoon word toegelaat om met drank rond te loop nie. **Die verkoop van alkohol word slegs in die biertent toegelaat.**

18. **GEEN voertuigpermitte sal uitgereik word nie.**

19. Skriftelike klagtes en aanbevelings kan gestuur word na admin@bieliemielie.co.za.

**Die VKB Bieliemieliefees, die organiseerders, feeskomitee, borge, agente en niemand anders wat met die fees geassosieer word, sal verantwoordelik gehou word vir enige diefstal, skade, beserings, nalatigheid, natuurrampe, dood of enige ander gebeurlikhede nie.**

**BANKBESONDERHEDE:**

**GELIEWE DAAROP TE LET DAT ONS BANKBESONDERHEDE VERANDER HET**

**BIELIEMIELIEFEES (Edms.) Bpk.**
Standard Bank
Rekeningnommer: 10 22 765 571 9
Takkode: 005033
Lopende (Current) rekening

**KONTAKBESONDERHEDE:**

Hannelie Cronjé
Voorsitter
voorsitter@bieliemielie.co.za

Lezane Snell
Uitstallers/Kampering
uitstallers@bieliemielie.co.za
082 431 4453

Lezane Pienaar
Uitstallers
admin@bieliemielie.co.za
073 039 1382

Neem asseblief kennis van al die nuwe reëls wat geïmplementeer is.